THE BOOK OF

# REVELATION

Les 2B

VERSE BY VERSE MINISTRY
INTERNATIONAL

© 2019 – Verse By Verse Ministry International (www.versebyverseministry.org)
May be copied and distributed provided the document is reproduced in its entirety, including this copyright statement, and no fee is collected for its distribution.

# Interpretasie van die briewe

| | |
|---|---|
| **Letterlik** | **Spesifiek, histories** |
| **Universeel** | **Algemeen, tydloos** |
| **Profeties** | **Simbolies, eskatologies** |

# Kerk Era


DIE SEWE KERKE
PERGAMUM
Caicus R.
3
2
SMYRNA
1
EPHESUS
6
PHILADELPHIA
7
LAODICEA
12
1
2
3
4
5
6
7
8
9
10
11
2B-3


Kerk Era
7
6
5
4
3
2
1
Efese
Apostels Kerk
30-100 AD

# Openbaring 2:8-11



**Op. 2:8** “Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Smirna:

“Dit sê die Eerste en die Laaste, wat dood was, maar lewend geword het,

**Op. 2:9** “ ‘Ek ken jou verdrukking en jou armoede, maar tog is jy ryk. Ek weet ook van die lastering deur diegene wat beweer dat hulle Jode is, en dit nie regtig is nie, maar 'n sinagoge van Satan.

**Op. 2:10** Moenie vir enigiets wat jy nog gaan ly, bang wees nie. Kyk, die Duiwel gaan sommige van julle in die tronk laat gooi, sodat julle getoets kan word. Tien dae lank sal julle verdruk word. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die oorwinnaarskrans van die lewe gee.

**Op.2:11** “ ‘Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Wie oorwin, sal beslis nie deur die tweede dood skade ly nie.’ ”’

# Mirre



# Openbaring 2:8-11



Op. 2:8 “Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Smirna:

“Dit sê die Eerste en die Laaste, wat dood was, maar lewend geword het,

Op. 2:9 “ ‘Ek ken jou verdrukking en jou armoede, maar tog is jy ryk. Ek weet ook van die lastering deur diegene wat beweer dat hulle Jode is, en dit nie regtig is nie, maar 'n sinagoge van Satan.

Op. 2:10 Moenie vir enigiets wat jy nog gaan ly, bang wees nie. Kyk, die Duiwel gaan sommige van julle in die tronk laat gooi, sodat julle getoets kan word. Tien dae lank sal julle verdruk word. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die oorwinnaarskrans van die lewe gee.

Op.2:11 “ ‘Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Wie oorwin, sal beslis nie deur die tweede dood skade ly nie.’ ”’


KERK ERA
7
6
5
4
3
2
Smirna
Vervolgde Kerk
100-313 AD
1
Efese
Apostels Kerk
30-100 AD

# Openbaring 2:12-17



Op. 2:12 "Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Pergamum: "Dit sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het,

Op. 12:13 " 'Ek weet waar jy woon, daar waar die troon van Satan is. Jy hou egter aan my Naam vas. Jy het selfs nie jou geloof in My verloën nie, in die dae toe Antipas, my betroubare getuie, doodgemaak is daar by julle, waar die Satan woon.

Op. 2:14 Maar Ek hou 'n paar dinge teen jou: Jy het mense in jou midde wat die leer van Bileam aanhang. Hy het Balak geleer om 'n strik vir die kinders van Israel te stel, naamlik om van die afgodsoffers te eet, en hulle onsedelik te gedra.

Op. 2:15 Net so het jy ook mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang, wat hulle op hierdie manier gedra.

Op. 2:16 Kom dan tot bekering, anders sal Ek baie gou na jou toe kom, en met die swaard van my mond teen hulle oorlog maak.

Op. 2:17 " 'Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan wie oorwin, sal Ek van die verborge manna gee, en Ek sal vir hom 'n wit klippie gee, ja, 'n klippie waarop 'n nuwe naam gegraveer is, en wat niemand anders ken nie, behalwe die een wat dit ontvang.' "


KERK ERA
7
6
5
4
3
Pergamum
Romeinse Ryk Kerk
313-600 AD
2
Smirna
Vervolgde Kerk
100-313 AD
1
Efese
Apostels Kerk
30-100 AD

# Openbaring 2:18-29



Op. 2:18 "Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Tiatira: "Dit sê die •Seun van God, wat oë het soos 'n vlammende vuur, en voete soos gloeiende koper,

Op. 2:19 " 'Ek ken jou dade en liefde en geloof en diens en volharding, en weet dat jou latere dade die eerstes oortref.

Op. 2:20 Maar Ek hou dit teen jou dat jy die vrou Isebel net laat begaan – sy wat haarself 'n profetes noem, en my diensknegte leer en verlei om te hoereer en om afgodsoffers te eet.

Op. 2:21 Ek het haar tyd gegun om tot bekering te kom, maar sy weier om haar te bekeer van haar hoerery.

Op. 2:22 Kyk, Ek werp haar op 'n siekbed, en ook hulle wat met haar egbreuk gepleeg het, in groot verdrukking, as hulle hulle nie van haar praktyke bekeer nie.

Op. 2:23 En haar kinders sal Ek met die dood tref. Laat al die gemeentes daarvan kennis neem dat dit Ek is wat niere en harte deurgrond. Ek sal elkeen van julle beloon volgens julle dade.

Op. 2:24 Maar vir julle ander in Tiatira wat nie hierdie leer aanhang nie, en wat nie die diepere dinge van Satan, soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê nie op julle 'n ander las nie,

Op. 2:25 behalwe net om vas te hou aan wat julle het, totdat Ek kom.

Op. 2:26 " 'Aan wie oorwin, en enduit vashou aan wat Ek sê, " 'sal Ek mag gee oor die nasies.

Op. 2:27 Hy sal hulle as 'n herder lei  met 'n ysterstaf, en hulle soos kleipotte stukkend slaan.

Op. 2:28 Soos Ek dit van my Vader  ontvang het, sal Ek aan hom ook die môrester gee.

Op. 2:29 " 'Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.' "


KERK ERA
7
6
5
4
Tiatira
Romeins Katolieke Kerk
600-1517 AD
3
Pergamum
Romeinse Ryk Kerk
313-600 AD
2
Smirna
Vervolgde Kerk
100-313 AD
1
Efese
Apostels Kerk
30-100 AD

THE BOOK OF

# REVELATION

Les 2B

VERSE BY VERSE MINISTRY
INTERNATIONAL

© 2019 – Verse By Verse Ministry International (www.versebyverseministry.org)
May be copied and distributed provided the document is reproduced in its entirety, including this copyright statement, and no fee is collected for its distribution.